Acacia

Montessori

Preprimêr Pre-Primary

Mandulia, West Acres, Nelspruit
☎ 081 251 6132 🖷 086 232 7545
admin@acaciamontessori.co.za

SAMA
South African Montessori Association
Member School

---

# *2024*

Acacia Preprimêr is ‘n privaat Montessori skool wat Christelike beginsels en waardes toepas. Ons streef daarna om ons kinders te help om hulself te help, sodat hulle eendag hulle plek kan volstaan in die samelewing en ‘n verskil kan maak in ons wêreld. Kinders met deernis en empatie vir ander, sterk goed gebalenseerde kinders wat hul Christenskap kan gaan uitleef.

Neem asb. kennis van die volgende belangrike inligting in verband met Acacia Preprimêr vir 2021.

***Skool heropen op Woensdag 10 January 2024***

**Skooltye:** Maandae tot Vrydae: ***07:00– 17:00***
**Kantoorure:** Maandae tot Vryedae: ***07:30 – 12:00***

Klas begin stiptelik ***08:00***. Daar sal in die middae toesig wees tot stiptelik ***17:00***, daarna sal ‘n R50 boete gehef word vir elke 15 minute. Boete word aan die personeellid aan diens betaal vir die diens gelewer.

**Publieke vakansies en skoolvakansies:**

***Die skool sal gesluit wees op publieke vakansiedae en dae wat tussen ‘n vakansiedag en naweek val, maw sal die vakansie dag op ‘n Dinsdag wees sal die skool die Maandag en Dinsdag toe wees en as dit op ‘n Donderdag val sal die skool die Donderdag en Vrydag toe wees.*** Val die vakansie dag op ‘n Maandag, Woensdag of Vrydag sal die skool net op daardie dae toe wees en op al die ander dae oop . Die skool sal gesluit wees vir skool vakansie slegs een maal per jaar, vir ‘n periode in Desember en Januarie ***( 11 Desember 2024 tot 13 Januarie 2025).*** Gedurende die periode word groot opknappings werk gedoen. Ons gee ons personeel die geleëntheid om verlof the neem gedurende die April, Junie/Julie en September publieke skoolvakansies. Daarom sal daar geen formele klasse wees nie maar wel vakansie program.

**Taalgebruik:** Acacia het Afrikaanse sowel as Engelse klasse.

**Kurrikulum:** Ons volg ‘n Montessori gebaseerde kurrikulum, ons dagprogram word sorgvuldig beplan en ons klasse daarvolgens uitgewerk. Ons het ook baie spesiale aktiwiteite waarmeer ons in die klasse werk en verwag dat die kinders die apparaat sal respekteer en met sorg sal hanteer. Baie van die apparaat word vanuit Europa ingevoer en is baie duur om te vervang.

**<u>Dag program:</u>**

| | |
|---|---|
| 07:00 – 07:45 | Aankoms |
| 07:45 – 08:15 | Ontbyt |
| 08:15 – 11:00 | Oggend klasprogram |
| 11:00 – 12:00 | Pouse |
| 12:00 – 12:30 | Middag sirkel |
| 12:30 – 13:00 | Middagete |
| 13:00 – 14:30 | Middag slapie |
| 14:30 – 14:15 | Badkamer roetine |
| 14:15 – 15:15 | Speeltyd |
| 15:15 – 15:30 | Middag kosblikkie |
| 15:30 – 16:45 | Speeltyd |
| 16:45 – 17:00 | Huis toe gaan tyd. |

**<u>Slaaptyd:</u>**

Elke nuwe maatjie bring sy of haar eie stapelbedjie skool toe vir slaap tyd, hierdie bedjies is te koop by Makro en sal weer aan u terug gegee word wanneer u kindjie die skool verlaat. Maatjies is welkom om 'n kussing en kombersie te bring . Alles moet gemerk duidelik gemerk wees.

**<u>Skooleiendom:</u>**

Ons leer ons maatjies om respek vir hul eie en ander se eiendom te hê. Maats wat moedswillig of nadat hulle reeds 'n waarskuwing gehad het, skooleiendom beskadig, se ouers sal dadelik gekontak word. Ouers sal dan verantwoordelik gehou word om die beskadige eiendom te vervang. Ons versoek dat ouers met hulle kinders gesels oor respek vir ander se eiendom.

**<u>Skoolfooie:</u>** Die volgende skoolfooi ***betalingsopsies*** is beskikbaar:

***Betalings opsies:*** R35 400,00 per jaar.

- Betaalbaar in 12 gelyke paaiemente van R2950.00 vir 12 maande;
- Of in 11 gelyke paaiemente van R3 218.18 oor 11 maande; (Januarie tot en met November)
- Of in 10 gelyke paaiemente van R3 540.00 oor 10 maande (Januarie tot en met Oktober)

<u>Inskrywingsfooi:</u> R1000 per kind (nie terugbetaalbaar)
<u>Herinskrywingsfooi:</u> R500 per kind (nie terugbetaalbaar)

Inskrywingsfooie moet asb. in die volgende bankrekening inbetaal word:

Olglaske Schooling CC t/a Acacia Pre-school
First National Bank
Lopende Rekening #: 62569329967
Tak kode: 250016

**Verwysing: Kind se naam en van.**

***Skoolfooi is streng vooruit betaalbaar deur middel van ons Debietorder stelsel, debietordervorms sal verskaf word***. Sou die debietorder vir watter rede ookal onbetaald terug kom, is u verantwoordelik vir die bank- en adminkoste daaraan verbonde. U kindjie sal plek in die skool verloor indien die rekening na 7 dae nie vereffen is nie. Geen afslag sal gegee word in geval van siekte, vakansie of gedeelte van maand / Pro-Rata nie.

**Kennis periode:**

Ons vra dat u twee kalender maande se geskrewe kennis sal gee as u sou besluit om die skool te verlaat. **November sal nie aanvaar word as ‘n kennis maand nie**. Desember is ‘n volle skoolfooi maand al is daar skoolvakansie.

**Heg kopies van die volgende aan die registrasievorm:**

- Kind se geboortesertifikaat;
- Kliniek kaart;
- Bewys van adres.
- ID van ouers;
- Mediesefondskaart;

**My School:**

Ons skool behoort aan die *My School* program, ons wil ons ouers vreindelik versoek om ook aan die program deel te neem. U sal ‘n My School kaart ontvang wat u by Woolworths, Waltons en ander deelnemende winkels kan gebruik elke slag as u u kaart gebruik ontvang ons skool punte wat in Rand waarde omgesit kan word. Aansoekvorms sal verskaf word.

**Makro:**

Ons versoek ook ons ouers vriendelik om ons skool as ‘n begusntigde aan u Makro kaart te koppel, so kan ons ook punte vir die skool verdien. Dit kan by Makro se inligtingstoonbank gedoen word, ander kan ons aan u ‘n Makro vorm verskaf.

**Buitemuurse Aktiwiteite:**

Ons skool bied die volgende buitemuurse aktiwiteite aan.

- Tumbling Tigerz – Taryn Gorlee 079 880 8622
- Ballet – Trinette Joubert 083 650 5379
- AquaKids – Louise 082 827 8359
- Witjassies – Dalena 083 452 1438
- Stimuzone – Elreza 083 411 9428

Buitemuurse aktiwiteite word so beplan dat dit nie inbraak maak op ons klastyd nie. Buitemuurse aktiwiteite is nie verpligtend nie en ouers reël self met die betrokke aktiwiteit se kordineerders.

**Benodighede:** (nie terugkeerbaar nie)

Ons vra van die ouers om die volgende saam te stuur skool toe: (een maal per jaar)

| Naaldekoker- en Sprinkaanklasse | |
|---|---|
| 10 x Rolletjies toiletpapier | 1 x Botteltjie handontsmettingsmiddel |
| 2 x Bokse Sneusdoekies (Tissues) | 1 x “Garage/Wiper” papierrol |
| 1 x Boksies Materiaal Pleisters | 4 x Pakke “Wet Wipes” |
| 10 x Papierborde | 1 x pak A4 fotostaatpapier (500) |
| 1 x 5l Vloeibare handseep | 100 x plastieksakke (Nappy Bags) |
| 1 x Pak swartsakke | 1 x Sonblok |
| 2 x 43g Pritt Stokkie | 1 x A4 Plastiek koevert |
| 1 x pak van 12 Uitdraai kruite | 1 x pak van 12 inkleur potlode |
| 1 x skêr (stomp neus) | 1 x “Sidewalk Chalk” |
| 1 x Hula-Hoop | 1 x Emmertjie en grafie (3-4 jariges) |
| 1 x Stappelbeddjie | 1 x Beddegoedsak of R80 |
| 1 x Kinder storieboek vir klas biblioteek (Asseblief geen Disney / Super Heros nie) | |

| Klein Bytjies | |
|---|---|
| 10 x rolletjies toiletpapier | 1 x Botteltjies handontsmettingsmiddel |
| 2 x Bokse Sneusdoekies (Tissues) | 4 x Kombuis papier rolle |
| 1 x Boks weggooibare handskoene | 12 x Pakke “Wet Wipes” |
| 100 x Doek weggooi sakkies | 1 x Sonblok |
| 1 x 5l Vloeibare Handseep | 1 x Pak Materiaal Pleisters |
| 1 x Pak Vingerverf | 1 x Pak Swartsakke |
| 1 x pak A4 fotostaatpapier (500) | 1 x Sand speelgoedstel |
| Doeke soos benodig | Boudjiesalf soos benodig |
| 1 x Stappelbeddjie | 1 x Beddegoedsak of R80 |
| 1 x Kinder storieboek vir klas biblioteek (Asseblief geen Disney / Super Heros nie) | |

| Baba Slakkies | |
|---|---|
| 2 x Stelle kot beddegoed (gemerk) | 2 x Botteltjie handontsmettingsmiddel |
| 100 x Doek weggooi sakkies | 4 x Kombuis papier rolle |
| 2 x Boks weggooibare handskoene | 12 x Pakke “Wet Wipes” |
| 1 x Pak Swartsakke | 2 x Boks Sneusdoekies (Tissues) |
| 1 x Sagte Bal | 1 x 5l Vloeibare Handseep |
| 1 x Beddegoedsak of R80 | |
| Doeke soos benodig | Boudjiesalf soos benodig |
| Bottels en formule soos benodig | |

**Klere:**

Ons maatjies vanaf twee jaar dra daagliks skool uniform wat verkrygbaar is by Rieba Skooluitrusters, hulle is geleë in die NelAcres sentrum te Figtreestraat. Die uniform hempie word in die somer met ‘n swart kortbroekie of swart tot op knieg “tights” (vir die meisies) gedra. Dit kan ook by Rieba gekoop word of waar ook beskikbaar. In die winter dra ons gemaklike jeans.
***Alle klere moet asb. duidelik gemerk wees.*** Ons kan nie verantwoordelik gehou word vir besittings wat nie duidelik gemerk is nie.
Maatjies moet ook asb. altyd ‘n stel eksta klere in hulle tassies hê, dit gebeur dat maatjies glipsies het of tydens waterspel nat word.

**Kos:**

Ons voorsien ‘n gekookde ontbyt en middagete. Maatjies word gevra om ‘n kosblikkies vir die oggende en na middae te bring, hou die kosblikkies asb. klein en gesond. ***Geen lekkernye sal toegelaat word in kosblikkies nie,*** *net op spesiale dae.* Lekkers sal net so weer terug huis toe gestuur word.
**Ontbyt is 7:40 – 8:15 maats wat laat is sal hul ontbyt verbeur**.
Daar sal altyd vars water beskikbaar wees om te drink. Dit is baie belangrik dat ons maatjies gesond eet en die spyskaart is saam met ‘n dieetkundige uitgewerk.

**Verjaardae:**

Ons hou graag saam met ons maatjies verjaardag en ouers is welkom om koek en ander verversings skool toe te stuur. Ons vra net asb. dat ouers vooraf met die klas juffrou sal reëlings tref. (ons is nie professionele partytjie organiseerders nie en klas partytjies word baie klein gehou)

Met die kindjie se verjaardag het ons ‘n spesiale aktiwiteit wat ons met die kindertjies doen. Ons maak ‘n tydlyn van die kindjie se lewe en vra daarom dat ouers met verjaardagmaand foto’s van u kind as baba en van elke lewens jaar skool toe sal stuur. Die foto’s sal vanaf die verjaardag vir twee weke op ‘n spesiale plek in die klas hang word en dan kan u dit weer terug kry. Ons vra mooi dat u ons hiermee help, die tydlyn is vir die kindertjies baie spesiaal en opvoedkundig.

**Kuns:**

Ons wil graag die kindertjies se kreatiwiteit ontwikkel en gaan lekker kunsprojekte hê. Ons versoek asb dat ouers vir ons afval materiale by mekaar maak.

Voorbeelde van items wat ons handig kan gebruik is:

- Margarienbakkies Roomysstokkies
- Roomysbakke Glas bottels (veral Purity bottels)
- Ontbytgraan bokse (indien moontlik vou plat asb.) / afvalpapier
- Eierboksies Materiaal
- Wol

**Gesondheid:**

Siek kinders moet asb by die huis bly, sodat ons nie mekaar aansteek nie.
Laat weet asb. die skool as ‘n maatjie siek is sodat dit aangeteken kan word.
Indien u kindjie ‘n hoë koors het, sal u onmiddellik inkennis gestel word. Ons sal die nodige stappe toepas om te verseker u kindjie is gemaklik tot u hom/haar kom kry.
Maatjies wat diaree ontwikkel se ouers sal ook in kennis gestel word om hulle te kom haal. Koors en diaree word as ernstig beskou en ons versoek dat ouers asb. dadelik sal reageer.

**COVID19 – SARS-CoV2:**

Ons Covid19 -plan is in plek om die verspreiding van COVID19 tot die minimum te beperk en om die veiligheid van kinders, personeel en gesinne te verseker. Sosiale distansie met jong kinders is 'n uitdagende poging. Ons beleid is egter daarop gemik om kinders en volwassenes veilig en gesond te hou, terwyl kinders in 'n koesterende en responsiewe omgewing is. Hierdie riglyne is gebaseer op die beste beskikbare openbare gesondheidsdata op die oomblik, en die praktiese realiteite van die bestuur van 'n kindersorgprogram; namate nuwe data en praktyke na vore kom, kan die beleide bygewerk word. Die doel van ons by Acacia Montessori is om die standaarde waar moontlik te bereik en te oortref.

• Die skool sal enige kind, volwassene of personeel uitsluit wat simptome van COVID19 toon.
• Gesinne moet 'n gesondheidsondersoek oor hulself en hul kinders voltooi voordat hulle by die fasiliteit aankom en op die register afteken.
• Kinders en familielede wat siek is, simptome van COVID19 toon of in noue kontak was met iemand wat positief getoets het of simptome van COVID19 toon, word nie toegelaat nie.
• Temperatuurondersoeke sal plaasvind vir kinders wat die fasiliteit binnegaan. Die temperatuur word geneem met 'n kontaklose termometer. Temperature sal aangeteken word. Persone met 'n temperatuur van 37,8 grade Celsius of hoër sal nie tot die program toegelaat word nie.
• By aankoms sal onderwysers 'n visuele gesondheidsondersoek voltooi.
• Kinders word deur die loop van die dag gemonitor vir tekens van siekte. Kinders wat siek word tydens die program, word geïsoleer deur die aangewese spesiale sorgkamer. Ouers sal gekontak word vir afhaal, en 'n aangewese verteenwoordiger moet binne 'n uur afhaal.
• Ouers moet binne 24 uur enige COVID19 -simptome bekend maak en of iemand in hul huis COVID19 -simptome of 'n positiewe toets gehad het.

**<u>Bevestigde COVID19 gevalle:</u>**

As 'n geval van COVID19 by 'n kind of personeellid bevestig word, sal die klaskamer/skool gesluit wees om die volgende prosedures toe te laat:
• Gesinne sal ontbied word om al die kinders te kom haal.
• Die klas en gebiede wat die siek persoon gebruik, sal deeglik skoongemaak word, en addisionele ontsmettingsmaatreëls sal toegepas word.
• Volgens die protokolle van die Departement van Gesondheid sal ons die klas/skool 10 dae moet sluit vanaf die aanvang van die simptome van die besmette persoon vir selfisolasie.
As 'n individu siek word weens COVID19, mag hy slegs terugkeer nadat hy deur 'n mediese dokter goedkeuring gekry het, en onder die volgende omstandighede:
• Minstens 3 dae (72 uur) het verloop sedert die persoon laas koors gehad het sonder die gebruik van koorsverlagende medikasie.
• Die persoon het nie meer asemhalingsimptome nie (bv. Hoes, kortasem)
• Minstens 10 dae het verloop sedert die eerste simptome verskyn het.

**<u>Sluiting van skool sou die gevalle van COVID19 toeneem:</u>**

• Ons behou die reg voor om die skool te sluit indien nodig as daar 'n toename in gevalle van COVID19 in ons omgewing is.
• Ons behou die reg voor om ouers te weier om die fasiliteit te betree as daar 'n toename in gevalle van COVID19 in die Nelspruit en omliggende gemeenskappe is.
• Ons behou die reg voor om 'n klaskamer/skool te sluit as ons dit nie korrek kan beman nie weens 'n geval van COVID19.

**<u>Skoolgeld Krediete sou die skool tydelik moet sluit vir COVID19 redes:</u>**

Die skool sal moontlik tydelik moet sluit as 'n kind of personeellid van skool COVID19 het. Hierdie sluiting laat tyd toe dat die plaaslike gesondheidsbeamptes 'n beter begrip te kry van die COVID19-situasie by die skool, en gee vir personeel om die geaffekteerde fasiliteite skoon te maak en te ontsmet.
'n Krediet vir skoolgeld gedurende hierdie sluitingsdae ***is nie van toepassing nie***.
As die skool vir 14 opeenvolgende dae of langer moet sluit weens blootstelling aan COVID19, kan daar ‘n 50% -krediet op skoolfondse aangebeid word mits die skoolrekening ten volle op datum is.
Die krediet sal toegestaan word na die goedkeuring van die direkteur of uitvoerende direkteur. ***Hierdie krediet sluit nie die sluiting van skole/land deur die Suid - Afrikaanse regering vir grendeltye in nie.*** In die geval van die skool se sluiting

deur die Suid -Afrikaanse regering as deel van 'n Covid -19 pandemie of om enige ander rede, sal krediet van skoolgelde aan ouers gekommunikeer word, indien enige.

**Medisyne:**

Indien ‘n maatjie medisyne by die skool moet kry, versoek ons ouers om die medisyne toestemmingsvorm by die klas in te vul. ***Sonder die getekende vorm sal geen kind medikasie gegee word nie. Maak seker u gee die nodige medisyne in die klas juffrou se hande.***
Antibotika moet asb. In die oggend by die huis gegee word, indien u kindjie in die middag weer ‘n dosis moet kry moet dit ook asb. aangeteken word in die medisyneboek. Ouers is daarvoor verantwoordelik dat instruksies duidelik aan klas onderwyser deurgegee word.
Dit is die ouers se verantwoordelikheid dat medisyne geneem word tydens huis toe gaan tyd, geen medisyne sal in die maatjies se tasse gebêre word nie.
***Volgens wet mag ons nie medisyne aanhou nie.***

**Beserings:**

Alle beserings word aangeteken in ons Insidentboek en ouers sal dadelik in kennis gestel word. Ouers word versoek om ons ook in te lig van beserings wat buite skool ure plaasgevind het.
Indien enige beserings opgedoen word by Acacia wat ernstig van aard is en ons nie die ouers dadelik in die hande kan kry nie sal ons ‘n ambulans ontbied of die maatjie self Medi-Kliniek toe neem.
Al ons personeel het ‘n Noodhulpkursus voltooi.
Ons maatjies speel met oorgawe en dit is ‘n belangrike deel van hulle ontwikkeling. Hulle gaan soms val en seerkry, soms word daar gestamp en gebyt ens. deur ander maatjies. Laat ons die insident aanspreek en nie die maatjie/persoon nie.

**Kopluise:**

Kopluise word onder geen omstandighede toegelaat nie. Ouers word verskoek om dit dadelik te behandel en die maatjie tuis te hou tot die probleem opgelos is.
***Geen kind sal toegelaat om skool toe te kom met kopluise nie.***

**Instappies en uitstappies:**

Ons sal van tyd tot tyd interessante mense kry om die kinders by die skool te kom toespreuk. Hierdie instappies is altyd baie opwindend en die maatjies geniet dit altyd.

Ons mag dalk op uitstappies gaan deur die jaar. Ouers sal vroegtydig in kennis gestel word van enige uitstappies. Die maatjies sal ook vrywaringsvorms vir uitstappies ontvang***, geen maatjie sal op die uitstappie gaan as die vrywaringsvorm nie geteken en terug by die skool is nie.***

**Bak en Brou**

Ons hou elke tweede week Bak en Brou, elke maatjie bring R15 skool toe vir sy/haar lekkerny.

**“POPIA” Wet op die beskerming van persoonlike inligting, 4 van 2013**:

Elke ouer sal 'n POPIA -verklaringsvorm ontvang om by inskrywing in te vul.

**Facebook:**

Ons het 'n baie oulike Facebook blad waar ons graag foto's van ons maatjies se doen en late met ons Acacia familie deel. Enige ouer wat besware het en nie hul kindjie se foto's op Facebook geplaas wil hê moet ons asb. Inskrif inkennis stel.

**WhatsApp groepies:**

Elke klassie het 'n WhatsApp groepie wat gebruik word om informasie deur te gee. Respekteer asb. ander op die groepie en hou asb. alle gesprekke saaklik.

Mag u kindjie gelukkig hier by ons wees en mag ons pad saam 'n geseënde een wees.

Acacia Groete

## MONTESSORI VS TRADITIONAL EDUCATION

**Montessori**

1. Emphasis on cognitive structures and social development
2. Teacher's role is unobtrusive; child actively participates in learning
3. Environment and method encourage internal self-discipline
4. Individual and group instruction adapts to each student's learning style
5. Mixed age grouping
6. Children encouraged to teach, collaborate, and help each other
7. Child chooses own work from interests, abilities
8. Child formulates concepts from self-teaching materials
9. Child works as long as s/he wants on chosen project
10. Child sets own learning pace to internalize information
11. Child spots own errors thru feedback from material
12. Learning is reinforced internally thru child's own repetition of activity, internal feelings of success repetition
13. Multi-sensory materials for physical exploration development
14. Organized program for learning care of self and self-care environment (shoe polishing, sink washing, etc.)
15. Child can work where s/he is comfortable, moves and talks at will (yet doesn't disturb others); group work is voluntary and negotiable
16. Organized program for parents to understand the Montessori philosophy and participate in the learning process

**Traditional**

1. Emphasis on rote knowledge and social development
2. Teacher's role is dominant, active; child is a passive participant
3. Teacher is primary enforcer of external discipline
4. Individual and group instruction conforms to the adult's teaching style
5. Same age grouping
6. Most teaching done by teacher and collaboration is discouraged
7. Curriculum structured with little regard for child's interests
8. Child is guided to concepts by teacher
9. Child usually given specific time for work
10. Instruction pace set by group norm or teacher
11. Errors corrected by teacher
12. Learning is reinforced externally by rewards, discouragements
13. Few materials for sensory, concrete manipulation

- Little emphasis on instruction or classroom maintenance

15. Child assigned seat; encouraged to sit still and listen during group sessions
16. Voluntary parent involvement, often only as fundraisers, not participants in understanding the learning process

The above comparison is courtesy of The American Montessori Society.